DIE BURGER 26 OKTOBER 1995

SINODE

Visie 'gaan roering veroorsaak'

Kerksake-verslaggewer

KAAPSTAD. – Die pragtige, klinkende visie wat die sinode van die NG Kerk (Wes-Kaap) aangeneem het oor vereniging met die NG familie, is 'n daad van versoening wat binnenslands sowel as in die buiteland 'n roering sal veroorsaak.

Só het dr. Frits Gaum, moderator, gister in sy afsluitingsrede hier gesê.

"Ons is verbind daartoe om ernstig te doen wat ons hier gesê het. Ons het baie gepraat, nou moet ons doen. Ons moet bewys dat ons bedoel het wat ons gesê het."

Dr. Gaum het verwys na die "moeilike tyd" waarin die Kerk skuld moes bely.

"Hierdie diepe selfondersoek het egter tot geestelike verdieping gelei. Dit bied aan ons die geleentheid om met dade te toon dat ons een Here ken en dien, en geen ideologie nie," het dr. Gaum gesê.

"Mag die Kerk in die gesindheid van 'n dienskneg voortgaan om dade van egte Christenskap en liefde te lewer."

Jonker 'rig op pad na kerkeenheid menige baken op'

Kerksake-verslaggewer

KAAPSTAD. – 'n Bewoë prof. Willie Jonker het op die pas afgelope sinode van die NG Kerk (Wes-Kaap) 'n voorstel aangehoor ter waardering van sy rol deur die jare om die ideaal van kerkeenheid te bereik.

Die voorstel van ds. Hannes Theron van Montagu en dr. Hannes Koornhof van Stellenbosch lui onder meer: "Waar ons Kerk nou finaal die pad van kerkvereniging met die ander lede van die NG familie betree het, spreek die sinode sy waardering uit vir die groot en volgehoue rol wat prof. Jonker oor die jare heen in die bereiking van dié ideaal gespeel het.

"Sy rol in die publikasie van Die Sendingbepalinge van die NG Kerk van Transvaal (1962), in die Hervormingsdag getuienis (1980) en in die Rustenburg belydenis (1990) is maar enkele van die profetiese bakens wat hy opgerig het.

"Veral in en vanuit die sinode van Wes- en Suid-Kaapland was hy deur die jare profeet en geestelike vader.

"Die sinode is bewus daarvan dat hy nie net teenstand nie, maar dikwels ook verkettering, verdagmaking en verguising beleef het. Vir sy volgehoue geloofsmoed en pastorale bewoënheid eer die sinode hom.



Prof. Willie Jonker

"Ons loof die Here vir die rol wat hy ook in die Kerk as geheel gespeel het."

Die hele sinode het ná die voorstel opgestaan, en spontaan en lank hande geklap terwyl prof. Jonker met geboë hoof bly sit het.